# Shane se pad na herstel...


RUSTENBURG - Ten spyte van 'n geweldige terugslag in Mei vanjaar, ontbreek die 30-jarige Shane Bezuidenhout nie aan lewenslus nie... sy glimlag is aansteeklik en sy positiewe ingesteldheid spoor mens aan om met ander oë na hierdie jong kwadrupleeg kyk.

Die Bezuidenhout-gesin se lewens het onherroeplik verander toe Shane sowat vyf maande gelede in 'n ernstige ongeluk in Zambië betrokke was. Hy was werksaam as kontrakteur by Murray & Roberts toe die ongeluk plaasgevind het. Shane kan niks van die ongeluk onthou nie, maar sê dat die polisieverslag daarop dui dat 'n ander voertuig die Murray & Roberts bussie waarin hulle gereis het, van die pad gedruk het. Die bussie het gerol en Shane is met die impak uitgeslinger waarna die bussie oor hom gerol het. Die bestuurder en enigste ander passasier het slegs geringe beserings opgedoen.



Shane word "onder hande" geneem deur Jürgen Voges van die Rustenburg Rehabilitasie Sentrum.

Die ongeluk het die middag skuins na 13:00 plaasgevind. Shane is met baie ernstige beserings na die in Suid-Afrika gevlieg waar hy die volgende oggend skuins na 8:00 gearriveer het. Tydens 'n operasie op 18 Mei is die rugwerwel wat in die helfte deurgebreek het vervang, ander werwels wat gekraak het is herstel en twee plate is ingesit om sy nek te stut.



Vroulief Yolanda vertel dat Shane se toestand aanvanklik 'n baie groot skok vir haar was. Hy het meer as 50 dae in die Intensiewesorg-eenheid spandeer en kon eers slegs sy kop beweeg. "Shane is só positief en het vinnig vordering getoon", vertel Yolanda dankbaar. Kort daarna het hy begin om sy arms te beweeg.

Vier weke in Meulmed se rehabilitasieafdeling het gevolg met 'n verdere 24 dae in die Rustenburg Rehabilitasie Sentrum by Medicare Rustenburg. Volgens Shane se fisioterapeut by die Rehabilitasiesentrum, Jürgen Voges, toon hy uitstekende vordering. Hy beveel aan dat Shane nog 'n minimum van twee maande met die sessies voortgaan om sy volle potensiaal te bereik.

Ongelukkig het die gesin geen mediese fonds nie en Shane benodig dringend finansiële hulp om met die uiters noodsaaklike rehabilitasie voort te gaan. Addisionele uitgawes sluit sy basiese medikasie van sowat R2000 per maand in en ook ander uitgawes wat met sy mediese toestand gepaard gaan. Yolanda versorg hom tans voltyds en daar is dus geen addisionele inkomste nie.

Maar hoe het die ongeluk die gesin geraak? Hulle vertel met dankbaarheid hoe hul twee seuns AJ (9) en Divan (8) vir pa Shane bystaan en altyd langs sy sy is om hom te help. "Hulle help om hom te bad, om sy klere aan te trek... hulle doen alles vir hom. Dit is verstommend om te sien

**Pest Control**
*Specialists*



☎ 014 597 4305/6
RASSIE: 082 572 6883